Mat 6:10b **'n Katrol het net een tou!** Maandag 17 Aug 2020

# Laat U Wil geskied!

**<u>Bronne:</u>**
**<u>Buys, PW</u>** 1984 Klasdiktaat.Verklaring vd Heid. Kat..
**<u>De Bruyn PJ</u>** 1994 Jou enigste Troos. Son 49
**<u>Feenstra, JG</u>** 1986 Leer en Lewe. p.45

**<u>'n Katrol het net een tou.</u>** As jy mooi dink hoe 'n katrol werk, aan die een kant maak jy iets vas wat jy wil optel en aan die anderkant trek jy die tou om dit wat jy vasgemaak het, op te tel. Dit is een tou wat twee aksies verrig, dus vasmaak en optel, een tou, twee aksies.
Net so kan ons die Wil van God verduidelik. In die Gereformeerde Geloofsleer onderskei ons **die Verborge wil** van God en **die Geopenbaarde wil** van God. Hierdie is nie twee sake, God se wil wat twee sake is nie, maar God se wil is soos een tou om 'n katrol, aan die een kant is wat God beplan het en sal doen, en aan die ander kant, wat God van ons verwag om te doen, wat sy wil is. Ons kan dit as volg uit die Skrif verduidelik.

**<u>God se verborge wil</u>** is dit wat in **God se raadsplan** vasstaan van altyd af. God se verborge wil gaan oor alle dinge, van die skepping af tot met die wederkoms en daarvoor en daarna. So is die belofte daar dat daar nie 'n haar van ons hoof sal val nie of God weet dit. Luk 21:18 Daar is geen toeval of noodlot nie. God weet alles, bepaal alles, of laat dinge toe.

Dit is soos hierdie virus, Covid-19, dit het ons dalk onverwag gevang, maar God het geweet dit gaan 2020 omvergooi. Hy het dit toegelaat. Ons weet nie altyd wat God se verborge wil is nie. **<u>Jes 55:8,9</u>** "My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos Myne nie, sê die Here; 9) soos die hemel hoër is as die aarde, so is my optrede verhewe bo julle optrede en my gedagtes bo julle gedagtes."

**<u>God se geopenbaarde wil</u>** is natuurlik eerstens die Bybel. God openbaar, deur die werking van die Heilige Gees, alles wat ons moet weet, hoe ons moet lewe, hoe ons oor God moet dink in die Skrif. Ja Jesus Christus het ook gebid en gevra na die wil van God sy Vader. **<u>Mat 26:39</u>** "Hy het 'n entjie verder gegaan en daar gekniel met die gesig teen die grond en gebid: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan. **Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil.**"

**Ons gebede moet wees om te vra na God se wil, wat tot sy eer is en daarvolgens te lewe.**

**<u>Mat 12:50</u>** Jesus het gesê: "Elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is, dié is my broer en my suster en my moeder."

**<u>Mat 7:21</u>** "Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here,' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is."

**<u>Rom 12:1</u>** "En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen.
**2)** Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei **wat die wil van God is**, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is."

**<u>So het Jesus ons ook geleer om te bid</u>:** **<u>Mat 6:9-10</u>**
“Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom;
**laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;”**

**<u>‘n Gebed om selfverloëning.</u>** As ons bid dat God se wil moet geskied, bid ons dat dit nie om ons wil op aarde sal gaan nie, maar dat ons sal lewe soos wat God wil “Gee dat God meer sal word en ons minder.” Joh 3:30 Paulus het na sy bekering op die pad van Damaskus gebid en gevra: “Wat moet ek doen Here?” Hand 22:10.
Jesus Christus het self gebid en gesê dat sy voedsel is om die wil van sy Vader te doen.

**<u>Joh_4:34</u>** **“**Maar Jesus het vir hulle gesê: “My voedsel is <u>om die wil te doen</u> van Hom wat My gestuur het, en om sy werk te voltooi.” Want Jesus was volmaak gehoorsaam aan sy Vader.

Mag ons Hemelse Vader deur die Woord en sy Gees ons daartoe lei om al meer en meer **<u>Sy wil te doen</u>,** en al minder ons eie wil.

**Amen** (ds. Gerrit Kruger. 0829645595)

## Mat 6:10-13

“Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word;
laat u koninkryk kom;
**laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;**
gee ons vandag ons daaglikse brood;
en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.”

**Amen.**